LAERSKOOL WONDERBOOM

GRAAD 2 - 7

Inligtingstuk

AKADEMIE

Vakke word nie aan al die klasse deur dieselfde onderwyser aangebied nie. Afbakenings van toetse word ‘n week voor die toetsdatum uitgedeel en in die betrokke vak se boek geplak. Dit word ook op ons D6-Communicator-stelsel geplaas. Elke vak se assesseringsplan word aan die begin van die kwartaal in die spesifieke boek geplak. Datums vir die formele assesserings word op die skoolkalender aangedui. Terminologie/Vaktaal: By alle vakke tel die korrekte spelling.

AFHAAL VAN LEERDERS

Stuur ‘n e-pos na admin@wonwen.co.za of ‘n briefie saam met u kind indien hy/sy ‘n doktersafspraak het. Geen afkondigings sal tydens klastyd gemaak word om kinders te roep nie, slegs voor pouses en na skool. Leerders word by die kantoor uitgeteken. Indien ‘n leerder deur iemand anders, namens u afgehaal word, moet ‘n toestemmingsbrief (beskikbaar by die kantoor) voltooi word met ‘n afskrif van die Identiteitsdokument van die persoon wat u kind afhaal.

AFSPRAKE MET ONDERWYSERS

Geen ouers word tydens klastyd toegelaat by klasse nie. Onderwysers het verpligtinge tydens klastyd asook na skool met afrigting van aktiwiteite. Onderwysers kan ouers slegs te woord staan indien u ‘n afspraak gemaak het.

Onderwysers se persoonlike telefoonnommers word ook nie aan ouers gegee nie. Die beste manier van kommunikasie is om die kantoor by (012) 543 0208/9 te skakel en ‘n boodskap te los of ‘n om ‘n e-pos na admin@wonwen.co.za te tuur.

INLIGTINGSTUK GRAAD 2 TOT 7

AFWESIGHEDE

Verskaf ‘n brief met rede vir afwesighede. Indien leerders 3 of meer dae afwesig is, moet ‘n doktersbrief ingehandig word. Indien ‘n leerder 10 dae aaneenlopend afwesig is en die skool is nie in kennis gestel van die rede nie, word dit outomaties aanvaar dat die leerder die skool verlaat het. Die leerder word dan van die skool se register verwyder.

Indien ‘n leerder afwesig is, is dit die leerder se eie verantwoordelikheid om die werk in te haal wat gemis is, aangesien dit nie heronderrig word nie. Onderwysers hou wel die werkkaarte vir hulle uit. Indien ‘n leerder ‘n assessering gemis het, moet ‘n mediese sertifikaat of ‘n geldige rede, skriftelik aan die betrokke onderwyser gestuur word. Die assessering word die dag wanneer hy/sy terug is by die skool geskryf.

BELEIDSTUKKE

Dit is belangrik dat ouers hulle vergewis van die inhoud van die verskillende beleidstukke oor alle aktiwiteite by die skool. Dit is op ons webwerf www.wonwen.co.za beskikbaar.kel en ‘n boodskap te los of ‘n om ‘n e-pos na admin@wonwen.co.za te tuur.

BELONINGSDAG

Leerders wat minder as 4 debietpunte (inskrywings) in die kwartaal ontvang het, word beloon. Hierdie beloningsdag geskied in graadverband en is elke kwartaal ‘n lekker verrassing. het om mekaar te ondersteun. Laasgenoemde is nie ‘n amptelike skoolkanaal nie.

DAGBOEKIE

Elke leerder in graad 4 tot 7 ontvang jaarliks ‘n skooldagboekie om hul huiswerk in neer te skryf. Alle skoolreëls en algemene Inligting is ook hierin gedruk.

INLIGTINGSTUK GRAAD 2 TOT 7

KLASROOSTER

Leerders ontvang ‘n klasrooster vir die jaar . Dit is ‘n 5-dag klasrooster met verskillende akademiese-periodes elke dag. Leerders pak hul tasse volgens die klasrooster en nie elke dag al die boeke nie. Tasse word in die oggende by die klas gesit waar die leerders hulle eerste akademiese vak vir die dag het. Wanneer daar egter ‘n kwartaaltoets geskryf word, neem die leerders hulle tasse saam na die registerklas.

KLEREKAS

U kan skoolklere, sportklere en kouse asook PT-drag vir graad 1 tot 7-leerders hier aankoop. Kaartfasiliteite is beskikbaar.Die graad 1-skryfbehoeftepakkette is, aan die einde van die jaar, beskikbaar.Klerekastye is: Maandae tot Donderdae: 07:00 tot 10:30 en 12:30 tot 14:30, Vrydae: 07:00 tot 10:30 en 12:30 tot 13:30. Vir enige navrae kan u Me. Hanecke Collins by klerekas@wonwen.co.za kontak.

KOMMUNIKASIE

Ons stuur weekliks ‘n elektroniese nuusbrief uit met al die nuutste nuus en belangrike inligting. U moet ook op ons skool se D6-Communicator registreer vir alle belangrike kennisgewings en dokumentasie wat gestuur word. Die skool se Facebook-blad is ‘n lekker interaktiewe platform om deel te wees van wat by die skool gebeur. Ons het ook verskillende WhatsApp-groepe waar ouers inligting op ‘n informele wyse van die skool ontvang en ook ‘n geleentheid het om mekaar te ondersteun. Laasgenoemde is nie ‘n amptelike skoolkanaal nie.

KONTANTBETALINGS

Enige kontant wat inbetaal word, moet asseblief in ‘n geseëlde koevert geplaas word. Merk die koevert duidelik met u kind se naam, klas, die bedrag en die aktiwiteite waarvoor u betaal.

INLIGTINGSTUK GRAAD 2 TOT 7

KOSBLIKKE

Sorg asseblief dat u kind se kosblik nie te veel lekkernye in het nie, maar wel gesonde kos vir die dag. Daar is ook ‘n verskeidenheid van gesonde kos by die SNOEPIE beskikbaar. Leerders mag slegs tydens pouses, voor en na skool die SNOEPIE besoek.

MEDIKASIE

Die kantoor mag geen medikasie aan leerders gee nie. Voorskrifmedikasie asook die voorskrif word saam na die kantoor of onderwyser gestuur. Stuur asseblief 'n brief saam wat toestemming vir die personeel in die kantoor gee om vir die leerder medikasie te gee.

NASKOOL

Ons Naskool is op die skoolterrein en is beskikbaar vir alle leerders van graad R to 7. Daar is 2 studiesessies per dag waartydens die naskoolpersoneel hulpverlening bied met huiswerk. Leerders kry ook voedsame kos (meestal van Kontrei Kombuis) en ‘n versnapering laatmiddag. Vir meer Inligting kan u mev. Monica Swart by naskool@wonwen.co.za kontak.

OUER-OMGEE-GROEP (OOG)

Ons het wonderlike omgee-ouers! Die Oueromgeegroep (OOG) bedryf verskillende projekte met die doel om gesinne te help wat finansiële omstandighede beleef en dus nie aan hul basiese behoeftes kan voldoen nie. Projekte word moontlik gemaak deur fondsinsamelings asook individuele borge en donasies . U kan gerus die vrymoedigheid neem om die OOG-koördineerder, Melissa Prinloo, by 082 564 5529 te kontak.

OUERBETROKKENHEID

Betrokkenheid by u kind se akademiese werk is noodsaaklik. Huiswerk moet asseblief daagliks gedoen word. Ons verwelkom ook u betrokkenheid op alle terreine en nooi u uit om deel van ons Wonnie-Kultuur te wees.

PT-DRAG

Die PT-drag vir seuns en dogters is ‘n swart kortbroek en die Wonnie T-hemp wat by die Klerekas beskikbaar is. Leerders moet PT-drag aanhê tydens die PT-periode wat op hul klasrooster aangedui word.

SKRYFBEHOEFTES

‘n Lys van benodigdhede vir die jaar word per graad gegee en is ook op ons webtuiste beskikbaar. Vervang asseblief u kind se skryfbehoeftes wat op- of wegraak so gou as moontlik. Merk asseblief ALLES deeglik: Klere, tasse, boeksakkies, skryfbehoeftes, kosblikke, ens.

SKOOLURE

Skoolure is Maandae tot Vrydae vanaf 07:30 tot 13:30. Terreinwerkers sluit die hekke kort na die 07:30 klok gelui het. Sorg asseblief dat u kind betyds by die skool is. Indien leerders herhaaldelik laat kom, moet dit by die departement aangemeld word.

SUPER WONNIES

Leerders kan ‘n boompie kry deur aan verskillende skoolaktiwiteite deur die jaar deel te neem. Die leerders wat aan die einde van die jaar 10 of meer boompies verwerf het EN net 4 of minder inskrywings vir die hele jaar het, is ons Super Wonnies en hulle word met ‘n uitstappie beloon.

VERJAARSDAE

Leerders mag gewone klere aantrek om hul verjaarsdag te vier. Dit moet asseblief gepas wees vir skool (geen “shoe string” hempie nie en die hempie moet oor die broekie of rompie wees). U is welkom om iets vir u kind se verjaarsdag saam te stuur. Kolwyntjies of ‘n koek wat reeds gesny is of individuele pakkies is die maklikste.

WARE WONNIES

Leerders kwalifiseer om ‘n Ware Wonnie te wees en ‘n balkie te mag dra as hulle minder as 4 debietpunte (inskrywings) deur die loop van die kwartaal ontvang het. Leerders moet ook ‘n 80% of meer deelname hê aan enige skoolaktiwiteite wat hulle gekies het.

" ‘n Kind mag dalk nie weet waarheen hy/sy op pad is nie, maar elkeen verdien die kans om uit te vind."

VOORSKRIFTE VIR DOGTERS SE HARE

- Hare moet netjies en paslik vir ‘n laerskoolmeisie wees.
- Hare moet vasgebind wees as dit so lank is dat dit die onderkant van die kraag raak. Sodra hare lank genoeg is, moet dit vasgemaak word.
- Los hare en hare wat in die gesig hang moet vasgesteek word.
- Die kuif moet netjies kort wees of weggesteek word uit die oë as dit langer
- gedra word. Die kuif mag nie oor die wenkbroue hang nie. As ‘n kuif gedra word, moet dit in ‘n netjiese vol kuif vasgesteek word.
- Hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word op so ‘n manier dat geen klossies of stringetjies voor die ore of agter die ore hang nie.
- Hare voor die ore moet saam met die res van die hare na agter vasgebind wees.
- Hare mag nie gekleur, gebleik, “ge-highlight” of gekartel word nie of in tydelike kleurmiddel gewas word nie. Indien die reël oortree word sal van die ouers verwag word om op eie onkoste die hare reg te kleur. Die aanbring van ligstrepies in die hare is nie aanvaarbaar nie.
- Hare mag nie na skoolure losgemaak word as leerder nog in skooldrag is nie.
- Geen haarstilleringsmiddels, soos haarsproei of jel, mag gebruik word nie.
- Haarversierings moet effekleurig koningsblou (wat by ons skoolkleur pas), swart of wit wees. Haarversierings moet klein wees.
- Groot, uitspattige haarknippe is ontoelaatbaar.
- Geen uitspattige haarstyle word toegelaat nie. Die aanvaarbare style word in ‘n vergadering met die meisies bevestig. Die klem is nie op modebewustheid nie.
- Geen uitspattige modegiere nie.
- Slordige hare is ontoelaatbaar.
- Lang hare wat gevleg is of in poniesterte vasgemaak is, mag nie slegs op die punte gevleg of vasgemaak word nie, maar moet teen die kop vasgemaak word.
- Hare moet natuurlik vertoon en mag nie “getease” of “gejel” word nie.
- Hare mag nie die “wetlook” hê nie.
- As die langerige “bob” styl gedra word, moet die voorste punte weggesteek word sodat dit nie in die oë hang nie.
- Toegelate linte is handdoekrekkies, “scrunchies”, opgestopte en wit of blou oorgetrekte “alice bands”.
- Geen plastiese vlinders of ander ornamentele haarapparate nie.
- Daar mag geen patrone op haarversierings wees nie.
- Geen versierings van leer gemaak, word toegelaat nie.
- Plastiese kammetjies mag gedra word.

VOORSKRIFTE VIR SEUNS SE HARE

- Hare moet netjies en paslik vir ‘n skoolseun wees.
- Hare moet kort en netjies wees. Die skool hou hom die reg voor om te besluit wat kort en netjies is.
- Hare mag nie laer as ‘n vingerbreedte bokant die wenkbroue hang nie.
- Hare moet geleidelik korter word na onder. Dit mag gelyk gesny word, maar die neklyn moet netjies gehou word.
- Hare of dele daarvan mag nie gekleur word nie. Geen haarstilleringsmiddels mag gebruik word nie. Geen uitspattige haarstyle word toegelaat nie.
- Die aanvaarbare style word in ‘n vergadering met die seuns bevestig. Die klem is nie op modebewustheid nie. Geen uitspattige modegiere word toegelaat nie.
- Hare moet netjies en skoon gedra word.
- Die kuif mag nie aan die wenkbrou raak nie.
- Die hare mag nie net een lengte wees nie
- Die hare moet bo en langs die kante kort wees.
- Slordige hare is ontoelaatbaar.
  Hare voor die ore – “side wiskers” – mag nie laer as die middel van die oor wees nie. Hare moet skuinsop gesny wees. Geen “steps” word in die hare toegelaat nie.
- Hare moet natuurlik vertoon en mag nie “gejel” word nie.
- Hare mag nie die “wetlook” hê nie.
- Hare mag nie gekleur of gebleik word nie, ook nie “highlight” nie.
- Indien die reël oortree word, sal van die ouers verwag word om op eie onkoste die hare reg te kleur.
- Geen “punk” of “steps” haarstyl sal toegelaat word nie.
- Direk om die ore moet dit skoon geknip wees.
- Hare hier mag nie langer as 1,25cm wees nie - dit moet skuinsop gesny wees.
- Die voorhoof moet oop en skoon wees.
- Hare mag nie uitermatig van kop af wegstaan nie. Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie.
- Die hare mag nêrens toiingrig, punterig of in slierte hang nie.

VOORKOMS VAN LEERDERS

GRIMERING

- Geen grimering bv. onderlaag en oogomlyner word toegelaat nie – ook nie
- tydens die dra van verjaarsdagdrag en tydens enige ander skool- of sportgeleenthede nie.
- Geen grimering, “lipgloss”, naellak of kultustekens mag deur enige leerder gedra word nie.
- Meisies mag egter grimering dra wanneer sosiale geleenthede na ure, bv. ‘n sokkie bygewoon word.

KULTUSTEKENS

- Kultustekens mag nie deur enige leerder gedra word nie.
- Armbandjies met of sonder boodskappe daarop word ook nie toegelaat nie.
- Die dra of vertoon van tatoeërmerke is verbode by die skool en by enige van sy aktiwiteite.
- Die dra van aanplak tatoeërmerke is ook nie toelaatbaar by die skool nie.

JUWELE

Slegs die dra van die volgende juwele is toelaatbaar:

- 'n Polshorlosie vir seuns en meisies, klein goue of silwer oorringetjies of oorballetjies vir meisies. Geen selfoonhorlosies word toegelaat nie.
- Geen vel, tong- en neusringe of ander versierings wat enige liggaamsdeel penetreer word toegelaat nie.
- Seuns en meisies mag geen armbande/modebandjies of hangertjies dra nie.

Kettinkies wat mediese voorskrifte bevat, word toegelaat.

- Meisies mag ‘n eenvoudige seëlring dra. Seuns mag nie ringe dra nie.
- Oorringetjies/-knoppies: Slegs meisies mag dun, gladde knoppes in silwer of goud in die onderste gat van oorlel dra. Slegs een oorbel per oor in die gaatjie van die oorlel (onderste gaatjie) vir die meisies. Die oorbelle met die skoolwapen is toelaatbaar.
- Maksimum deursnee van gladde knoppies is 3mm.
- Leerder mag geen ander ringe of knoppies dra nie.

SKOOLDRAG

SOMERSDRAG

WINTERSDRAG

SOMERSDRAG

WINTERSDRAG

SKOOLDRAG

Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure én ander skoolaktiwiteite, soos wat die Beheerliggaam bepaal, gedra word.

Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees. Wat onderhemde betref, mag leerders slegs 'n effekleurige, wit onderhemp dra wat nie mag sigbaar wees nie.

Kleredragreëls

Somerskooldrag – Graad 1 tot 7

Meisies:

- Meisieshemde – in geruite materiaal in prinsesstyl.
- Koningsblou broekromp/romp.
- Swart "ski-pant" onder broekromp/romp is toelaatbaar.
- Wit kouse, swart skoolskoene.
- Skooltrui/Wintersbaadjie.

Seuns:

- Seunshemde – ligblou strepies in seunstyl.
- Grys langbroek/kortbroek.
- Grys langkouse met strepie.
- Skooltrui/Wintersbaadjie.
- (Swart/grys gordel met 'n standaard gespe is verpligtend by langbroeke.

Winterskooldrag – Graad 1 tot 7

Meisies:

- Meisieshemde – in geruite materiaal in prinsesstyl.
- Koningsblou broekromp/romp.
- Swart "ski-pant" onder broekromp/romp is toelaatbaar.
- Swart "tights" met swart skoolskoene.
- Skooltrui/Wintersbaadjie.
- Skoolserp (opsioneel).
- Swart handskoene met vol vingers.
  OF
- Meisieshemp (geruite materiaal).
- Grys langbroek, grys langkouse met strepie en swart skoolskoene.
- Skooltrui/-baadjie of Wintersbaadjie.

Seuns:

- Seunshemde in kort of langmoue– ligblou strepies in seunstyl.
- Grys langbroek, grys langkouse met strepie en swart skoolskoene.
- Skooltrui/Wintersbaadjie.
- Skoolserp (opsioneel).
- Swart handskoene met vol vingers.
- (Swart/grys gordel met 'n standaard gespe is verpligtend by langbroeke.)

Geen musse of hoofbedekkings buiten dié wat in die kleredragreëls voorgeskryf word, mag gedra word nie. Die Beheerliggaam kan na goeddunke toestemming verleen dat leerders by sekere geleenthede gewone drag dra. Sodanige drag moet netjies en welvoeglik wees.

AKTIWITEITE

AKADEMIE

Akademiese uitnemendheid
Kleiner Wiskundeklasse (ongeveer 16 per klas)
Tweetaligheidskompetisies
Taalaande/redenaarskompetisies
Deelname aan akademiese kompetisies
e-Leersentrum (gr. R-4)
Rekenaartoepassingstegnologie (gr. 5-7)
Entrepreneursdag vir graad 7
Opvoedkundige uitstappies
Wis X Wiskundeklub (gr. 4-7)
Liggaamlike opvoeding
Die KABV-kurrikulum, soos deur die GDO voorgeskryf, word gevolg

KULTUUR

Klawerklitsies (gr. 1-4)
Staccato's (gr. 5-7)
Junior- en Seniorkoor
Kunswedstryde
Liedjiefees/Kerssangaand
Revue
Voortrekkers
Redenaars
Public Speaking
Drama
Teatro-groep

SPORT

Atletiek
Hokkie en mini-hokkie
Krieket en BevKrieket
Landloop
Netbal en mini-netbal
Rugby en Bulletjierugby
Skaak
Swem
Tennis
Gholf

ANDER

Graad R (Woelige Wonnies)
Ons eie klerewinkel (Klerekas)
Naskoolsentrum
'n Veelsydige snoepie
Ouer-Omgee-Groep (OOG)

MySchool MyVillage MyPlanet

PLACE STICKER FROM CARD HERE
Place sticker from card here,
or insert card number on web application

Supporter Card Application

Apply online www.myschool.co.za OR e-mail cs@myschool.co.za OR call 0860 100 445 OR complete this form and fax to 0866 822 833.

This request is for a: New Card ☐ Replacement Card ☐ Change Beneficiary ☐ Link to Woolworths ☐

If you are a current MySchool supporter, please provide your card number.

Your card no: ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐

1. BENEFICIARY DETAILS: (YOU MAY CHOOSE TO SUPPORT UP TO 3 BENEFICIARIES)

Beneficiary name	City / Region
1. Wonderboom, Laerskool - Pta [422]	H/v Braam Pretorius & Jan Booysen Str, ANNLIN,
2.	
3.	

2. CREATE YOUR PROFILE:

*Title: ☐☐☐☐

*First Name: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

*Surname: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

*ID or Passport Number: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

*Your ID or Passport number is compulsory in order for us to process your application

*Date of birth: Y Y Y Y M M D D

*Postal Address: (For card delivery) ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ Postal Code: ☐☐☐☐

*E-mail:

Telephone (H): ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ Cellphone: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

3. STAY INFORMED:

Want to know how your contribution makes a difference? MySchool MyVillage MyPlanet will send you all the latest news on our schools and charities plus information on exciting competitions. You may choose not to receive this information:

☐ **I DO NOT WANT** to receive promotional information from MySchool MyVillage MyPlanet.

Your MySchool MyVillage MyPlanet card gives you automatic membership to Woolworths **W**Rewards loyalty programme. By swiping your MySchool MyVillage MyPlanet card at Woolworths you automatically enjoy **W**Rewards instant savings. The more you shop the more Woolworths will reward you with special vouchers, let you know first about exclusive sale previews, and other loyalty rewards. We'll add you automatically unless you ask us not to by ticking the box below.

☐ **I DO NOT WANT** to join WRewards

If you've just joined **W**Rewards, welcome to the family! In addition to your loyalty rewards we're going to send you information about new products, great savings and exciting competitions. Not interested? You can unsubscribe from promotional information that does not relate to your exclusive **W**Rewards benefits by updating your profile online at www.woolworths.co.za or by calling 0861 50 20 50. Or you can optout here:

I DO NOT WANT to receive promotional information from:

☐ Woolworths

☐ Woolworths Financial Services

If you're already a Woolworths cardholder or WRewards member contact the Woolworths call centre or update your Woolworths profile at www.woolworths.co.za to manage what information you receive.

4. AGREEING TO THE TERMS AND CONDITIONS

By signing this application form you accept the MySchool Terms and Conditions (available at www.myschool.co.za).

Your Signature_____**Date**_____

Terms and Conditions apply. For full details about MySchool MyVillage MyPlanet card usage T&C's - visit www.myschool.co.za.

EVERY SWIPE COUNTS!